DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**11 April 2021**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Johannes 18: 28 - 40 en HK Sondag 48 |
| **Tema** | Jesus is anders Koning |
| **Sang** | Psalm 47: 1, 4<br>8: 1, 2<br>Skrifberyming 2 - 3: 1, 2<br>6- 2: 1, 2 |

Jesus verskyn voor Pilatus as ‘n misdadiger en rebel. Die klag wat die Jode teen hom inbring is dat Hy ‘n revolusie beplan om Pilatus se regering omver te werp. Hy wil Homself as die nuwe koning van Israel laat kroon, omdat Hy politieke ambisie het. Pilatus vra Hom dan ook uit daarna.

Johannes praat net 2 keer van die Koninkryk van God – Joh 3: 3 – 5 en Joh 18: 36. In die gesprek met Nikodemus is dit belangrik om daarop te let dat hy ‘n lid van die Joodse Raad is en dat mag en gesag vir hom belangrik is. Hy verstaan nie waaroor God se koninkryk handel nie.

Wat is dan die Koninkryk van God? Dit lyk anders as die koninkryke van die aarde. Jesus is nie in ‘n magspel met Rome of enige aardse koning betrokke nie. Sy koninkryk lyk totaal anders as die van Rome wat op mag en geweld gebou is. Daarom vra Pilatus dan ook: Is U ‘n Koning? Pilatus vra die verkeerde vraag. Jesus antwoord dat Hy die Koning van die waarheid is. Waar God se waarheid verkondig en geglo word, daar is die koninkryk aan die gebeur. God se koninkryk het gekom, maar is ook komende. Koning en koninkryk word aanmekaar verbind. Christus se koninkryk oorspan alles in die skepping. Sy Naam weerklink deur die skepping waar gelowiges dit bely en besing in die hemel en op die aarde. Uiteindelik sal net die koninkryk van God oorbly wanneer die nuwe hemel op die nuwe aarde aanbreek.

Wat ons ook moet verstaan is dat Jesus die enigste Koning is wat jou voordeel voorop stel. Alles wat Hy doen is op ons ewige saligheid gefokus. Hy sterf, sodat jy kan lewe. Hy staan op om die Duiwel uit die hemel te verban tot in ewigheid. Die kruis van Jesus is die oorwinning wat oor die rebelle-koning die Duiwel, behaal word. Hy bied die koninkryke van die aarde aan Christus aan asof dit syne is, terwyl hy baie goed weet dat God die enigste Koning tot in ewigheid is.

Mense twyfel vandag of Jesus werklik in beheer is. Baie teoloë ontken dat Hy werklik alle mag in die hemel en op die aarde het. Baie vra waarom al die slegte dinge steeds met gelowiges gebeur. Waar is Jesus dan om ons te beskerm teen die pandemie en die effek van die pandemie? Waarom ly ons onder die aanslag van depressie, kanker, rowers, geweld ens?

Wat moet ons antwoord? Ons moet bid. HK So 48 sê dat ons die waarheid moet verkondig. Die aarde is 'n gebroke plek agv die sondeval. Ons antwoord is steeds dat Jesus Christus die Here van alles is en dat ons lewe Sy Woord in praktyk moet wees. God die Heilige Gees maak ons bekwaam vir ons diens. God beskik alles wat oor ons lewenspad kom tot ons beswil. Bly gehoorsaam en onthou dat ons lewe al het ons gesterwe, al verstaan ons nie alles nie.

## OOG VIR MEKAAR



* Faan Korff se broer, wat in die Kaap gebly het, is die afgelope week oorlede. Ons bid hom en die familie die Here se troos toe.
* Ons dink aan almal wat siek is, almal wat behandeling ontvang en geestelik en finansieël swaarkry.
* Maruis Schutte het ook hierdie week laser behandeling ontvang vir nierstene wat hom opdraande gegee het. Ons hoop dat die behandeling verligting sal bring.
* Baie geluk aan Tannie Lenie Bothma het gister weer 'n agter agterkleinkind ryker geword, ons hoop dat die klein rooikoppie net vreugde sal bring aan almal.

# KATKISASIE

Kategeet handleiding en werkboeke is nou beskikbaar by die Kerkkantoor vir die ouers om die katkisasie tuis te laat gebeur. Ons doen 'n beroep op al ons ouers om die lesse met die kinders deur te gaan, sodat ons met die lesse kan aangaan sodra ons weer in erediens saam mag kom. Daar is genoeg katkisasieboeke vir die kinders en u kan met Nantes reël om dit by die kerkgebou af te haal. Ds Sarel sal met 2020 se belydenisklas kontak maak om te reël vir persoonlike gesprekke, sodra ons die kerkgebou weer mag gebruik.

# HEMELVAART DAG DIENS

Die kerkraad het besluit dat ons 'n erediens op ***Hemevaart Dag*** 13 Mei 2021 om 18:00. Onthou om asb vroegtydig plekke te bespreek vir hierdie dienste.

# BYBELSTUDIE 2021

Bybelstudie het weer ***BEGIN*** en die tye is as volg : Dinsdag oggende vanaf 09:30 en Woensdag aande vanaf 18:30, die Bybelstudie sal by die kerkgebou plaasvind en almal word hartlik uitgenooi om by die Bybelstudie groepe aan te sluit.



# DIAKONIE



Die diakonie loods weer 'n fondsinsamelings projek ten bate van gemeente lede wat agv die pandemie swaar trek te help. Dit is 'n rialiteit dat die Covid -19 pandemie 'n groot impak gemaak het op almal se lewens, meer in sommige gevalle en minder in ander.

Om die rede loods die diakonie weer 'n projek en sal hulle die lekkerste bobotie met geel rys en soet patats verkoop teen slegs R 50.00 per maaltyd.

Bestellings kan tot en met Woensdag 28 April 2021 geplaas word by Theuns op 064 549 7520 en dan opgetel word vanaf 17:00 op Vrydag 30 April 2021 by die kerkgebou.

***KOM EN ONDERSTEUN ONS MET DIE PROJEK !!!!!!!!!***

# BYBELSE WOORDEBOEK

***Apostel***: Iemand wat deur die Here gestuur word om 'n boodskap te bring. Hulle verkondig Christus se redding.

***Barmhartigheid***: Hulp uit liefde en genade wat aan iemand bewys word wat homself nie kan help nie. Die term sluit ook goedheid, guns, liefde en ontferming in.

# DATUMS OM TE ONTHOU

***Diakens vergadering : 12 April 2021 om 18:00 in die kerkgebou.***





# KALENDER



| *Verjaarsdae* | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 11 Apr | Retha Grobler<br>Francois Nel | B<br>D | 071 885 8928<br>083 739 6152 |
| Di 13 Apr | Liza Semet<br>Xander Maré | B<br>D | 082 937 3763<br>082 318 7263 |
| Do 15 Apr | Roelof Venter | B | 071 149 5967 |
| Vr 16 Apr | Candace Van DerWalt | B | 082 974 3059 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 11 April 1998 | Kiewiet en Karin Du Rand | 23 | 072 355 5283<br>082 882 7975 |
| 12 April 2014 | Flippie en Marlene Hoogendyk | 7 | 082 695 0799<br>083 648 5397 |
| 12 April 2008 | Chris en Liza Semet | 13 | 082 937 3763<br>072 831 8147 |
| 13 April 1996 | Stephan en Feleen Du Plessis | 25 | 084 491 1165<br>082 933 5360 |


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
JAN
FEB
MRT
R 90 101.00
R 185 229.13
R 89 376.00
R 111 985.41
R 138 076.00
R 165 010.45
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R 60 000.00
R 50 000.00
R 40 000.00
R 30 000.00
R 20 000.00
R 10 000.00
R -
JAN
FEB
MRT
R 9 420.00
R 25 297.05
R 36 533.50
R 50 317.40
R 41 630.70
R 22 141.76
INKOMSTE
UITGAWES

# GEMEENTEBRAAI : 25 APRIL

*U elkeen word hiermee hartlik uitgenooi*
*na die gemeentebraai.*

**Spyskaart: Braaivleis, met pap en sous natuurlik.**
**Tyd:  Na die erediens**

***Wat moet u saambring:***

*Elke gesin moet asseblief 'n slaai voorsien – groot genoeg vir u gesin. Die slaaie gaan, soos gebruiklik, op een tafel geplaas word sodat almal saam daarvan kan eet.*
*U eie eetgerei en drinkgoed.*

**Op die kennisgewingbord is daar 'n lys aangebring**
**waarop u asseblief u naam moet skryf indien u die ete gaan bywoon – doen dit vandag!**

Ons sien uit daarna om heerlik saam met u elkeen te kuier.


BASAAR
Saterdag oggend
31 Julie 2021
Vanaf 08:00
BOERE ONTBYT
Vleis
Pannekoek & koffie
Kerrie & rys
Witolifant
Gereformeerde Kerk
Pietersburg
h/v Mcdonald- &
Erasmusstraat
Navrae Daleen 0794902678 / Johan 0825561956

# GEMEENTEKAMP



**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks) |
| Faksnommer | 086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie," antwoord Jesus. "As my koninkryk van hierdie wêereld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie."*

*Johannes 18: 36*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS